

Kontak met afgestorwenes – 'n Dogmatiese studie

Daniël Willem Zaiman

Navorsingsartikel voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad
Honneurs Baccalaureus of Artium in Teologie aan die Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus

Graad : BA Hons (Teologie)

Module : TEOL671

Studentenommer : 23204583

Kontaknummer : 0825565710

E-posadres : willemz@telkomsa.net

Studieleier : Prof SP van der Walt

Datum : Oktober 2012

Inhoudsopgawe

- 1 Inleiding en doel
 - a. Agtergrond en Probleemstelling
 - b. Doelwit en doelstellings
 - c. Sentrale Teoretiese argument
 - d. Metodologie
 - e. Verklaring van konsepte
 - f. Etiese verklaring
- 2 Bespreking van standpunte aangaande nekromansie
 - a. Standpunte van beoefenaars van die praktyk
 - b. Kommentaar van voorstanders van die praktyk
 - c. Standpunte van teenstanders van die praktyk
- 3 Dogmatiese prinsipes:
 - a. God se karaktereienskappe
 - b. Die Hemel en die Hel
 - c. Die tussentoestand
 - d. Nekromansie
 - e. Interpretasie van 1 Samuel 28
 - i. Satan die meester verleier
 - ii. God se karaktereienskappe
 - iii. Saul se gees
 - iv. Waar het die “Samuel” vandaan gekom?
 - v. “Samuel” se woorde aan Saul
 - vi. God se rus
- 4 Samevatting, beoordeling, gevolgtrekking en aanbevelings
- 5 Bronverwysings en Bibliografie

1. Inleiding en doel

a. Agtergrond en Probleemstelling

Die aktuele onderwerp van die oproep van afgestorwe geeste wat vandag so openlik op televisie, radio en ander media bedryf word, laat vrae in die gemoed van Christene ontstaan. In Amerika het ons die populêre “Crossing Over” reeks deur John Edwards (2001-2010) en in Suid Afrika het ons die populêre reeks “Die Anderkant” op kykNET deur Maretha Theunissen. (kykNET, 2008).

Wanneer Christene die praktyke veroordeel volgens die Skrif, word argumente gebruik soos dat die heks van Endor ook vir Samuel opgeroep het in die Bybel (1 Sm. 28), en dat God vir Saul aangestel het as koning, en dat diegene wat huidig die oproep van afgestorwe geeste beoefen, ook ware wedergebore Christene is.

Die beoefenaars beweer ook dat dit God is wat hulle hierdie magte gegee het om met dooies te kan kontak maak. Christene weet nie altyd wat om hierop te antwoord nie en word dan soms mislei om deel te neem aan hierdie praktyke.

Die aktualiteit van hierdie artikel is die oortuiging waarmee hierdie praktyk beoefen word en om hierdie massa-verleiding teen te staan wat lewens-belangrik is, aangesien 'n mens jou ewige saligheid kan verloor indien jy sou deelneem aan praktyke om afgestorwe geeste op te roep, of hulle om raad te vra, soos ons later in die geval van Saul sal sien.

Die probleem is dat sommige, indien nie die meeste, van die beoefenaars van die oproep van afgestorwe geeste beweer dat hulle Christene is en dat hulle waarlik met enige afgestorwene kan kontak maak en met hulle kan gesels en boodskappe heen en weer oordra.

In teenstelling is daar verskeie besware teen hierdie praktyk, maar wat ook onderling met mekaar verskil. Daar is diegene wat beweer dat dit totaal onmoontlik is (Lambrechts, 2010:40) en net oëverblindery is, of diegene wat sê dat dit wel moontlik is maar verbied is deur God (Stander, 2010:1), en nog verder ander wat sê dat dit deel van paganisme is en geestelike afstomping en verwydering van God tot gevolg het. (De Beer, 2007:29-30)

Daar is 'n algemene gereformeerde siening, waarvan nou net een voorbeeld gegee gaan word, dat die oproep van Samuel in 1 Samuel 28 'n werklike gebeurtenis is, wat 'n bo-natuurlike ingryping van God was (Geldenhuys, 1976:619).

Met al hierdie teenstrydighede en uitsprake is die vrae wat hieruit voortspruit soos volg:

- watter bewerings voer die mediums aan wat met afgestorwe geliefdes kontak maak en hoe moet dit beoordeel word?
- watter bewerings voer die teenstanders van nekromansie aan en hoe moet dit beoordeel word?
- wat is die getuienis van die Skrif en ons interpretasie daarvan, met spesifieke ontleding en interpretering van 1 Samuel 28?
- hoe moet ons die oproep van afgestorwe geeste in die lig van die Skrif beoordeel?

b. Doelwit en doelstellings

Die oorkoepelende doelwit van hierdie studie is om die aktuele onderwerp van gesprek met afgestorwenes in die lig van die Skrif, teologies te beoordeel.

Die spesifieke doelstellings is om:

- Die standpunte van mediums wat na bewering met afgestorwe geliefdes kontak maak en kommunikeer te ondersoek en te beoordeel;
- Die standpunte van die teenstanders van nekromansie te ondersoek en te beoordeel;
- Vas te stel wat die Skrif vir ons leer oor hierdie onderwerp, met spesifieke ontleding en interpretering van 1 Samuel 28
- Oproep van afgestorwe geeste in die lig van die Skrif te beoordeel

c. Sentrale Teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die raadpleeg van dooies (nekromansie) volgens die Skrif onaanvaarbaar is en dat die “Samuel” van 1 Samuel 28 slegs 'n bose gees was wat opgeroep was deur Saul se medium van Endor.

d. Metodologie

Die navorser gaan hoofsaaklik die Bybel as basiese gesagsbron gebruik, asook ander literêre bronne om hierdie praktyk grondig te evalueer, en om sodoende vir ware Christene toerusting en riglyne te gee vir hul teenargumente teen hierdie vals profete en mediums.

Die bevindinge wat in hierdie studie voorkom word vanuit 'n gereformeerde paradigma geïnterpreteer. Die volgende metodes word gebruik om die verskillende navorsingsvrae te beantwoord:

- Om die standpunte van die mediums wat die praktyk van die oproep van afgestorwe geeste beoefen te bestudeer en te evalueer, word literatuur geanaliseer om die standpunte van die voorstanders te beoordeel.
- Om die standpunte van die teenstanders van nekromansie te bestudeer en te evalueer word literatuur geanaliseer om hulle standpunte te beoordeel. Daar sal nagevors word wat verskillende teenstanders se sienings is wat amptelik in boeke of artikels in vaktydskrifte verskyn, asook die algemene gereformeerde siening in verband met die tussentoestand (Berkhof, 1996:679) en dies meer.
- Om die getuienis van die Skrif en ons interpretasie van die oproep van afgestorwe geeste, met spesifieke ontleding en interpretering van 1 Samuel 28 te bestudeer en te evalueer, word toepaslike Skrifgedeeltes geïdentifiseer en geëksegetiseer aan die van die Grammaties-Historiese Benadering (Floor, 1980).
- Om die oproep van afgestorwe geeste in die lig van die Skrif beoordeel, word die data dan gekategoriseer deur middel van analise, interpretasie en sintese.

e. Verklaring van konsepte

- Wanneer in hierdie gedeelte verwys word na Samuel word bedoel die werklike profeet en Godsmann soos ons hom geken het in die Bybel. Wanneer in hierdie studie verwys word na “Samuel” (tussen aanhalingstekens) word bedoel die bose gees wat hom voorgedoen het as Samuel in 1 Samuel 28
- Waar daar soms na die manlike verwys word kan dit ook die vroulike insluit.
- Waar daar soms na ware Christene verwys word is dit om die verskil te beklemtoon tussen ware wedergebore, gelowige volgelingen van Here Jesus Christus en baie mense wat sê dat hulle Christene is, omdat hulle so

grootgeword het, maar nie werklik wedergebore is nie. Jesus het self na hierdie onderskeid verwys in Johannes 4:23

- Bybels waarna verwys word
 - § AOV – Bybel - Afrikaanse Ou vertaling 1933
 - § ANV - Bybel - Afrikaanse nuwe vertaling 1933
 - § ASV – Bybel - American Standard version

f. Etiese verklaring

Geen deel van die navorsing het behels om vraelyste uit te stuur of onderhoude met mense te voer nie, en daarom is dit nie regtig van toepassing om 'n etiese verklaring uit te reik nie. Alle inligting is verkry uit bronne wat reeds gepubliseer is en die navorser beklemtoon hier dat alle mense in persoon respekteer word, alhoewel hy skerp met sekere sienings mag verskil.

2. Bespreking van standpunte aangaande nekromansie (oproep van dooies)

a. Standpunte van beoefenaars van die praktyk

Die beoefening van die praktyk om met dooies kontak te maak (nekromansie of spiritisme) is deel van okkultisme, is niks nuuts nie, en kom van die vroegste tye voor. Okkultisme het te doen met enige vorm van praktyk in die lewe van die mens wat demoniese magte erken en wat weggesteek is agter aktiwiteite soos toekomsvoorspellings, spiritisme, magie, afgodediens, hekserie en dies meer. Nie net kom dit tradisioneel wit gelowe voor nie, maar figureer ook sterk in die Tradisioneel Afrika Gelowe en word selfs daaraan gelykgestel. Sien byvoorbeeld “Okkultisme in Afrika is so oud soos die oergeloof self, of dit wat bekend geword het as die Afrika Tradisionele Godsdiens (ATG)”. (Mashau, 2007:638).

Die beoefenaars van die praktyk beweer dat hulle die gawe het om met die afgestorwenes kontak te kan maak, met hulle te kan gesels en boodskappe oor te dra na die wat nog in die lewe is.

Sommige beweer ook dat hulle die gawe van God af ontvang het, soos die medium Sue du Randt van “Crossing over with Sue” (Du Randt, 2012:1) wat sê
“All credit to my work must go to God for my talent and to my guides for their never-ending help and assistance.”

Sy sê nie wie haar “guides” is nie en nêrens kon by enige een van hulle opgespoor word dat hulle navolgers van Jesus Christus en dus Christene, is nie.

Ander bekende beoefenaars van die praktyk is Marietta Theunissen (en haar dogter Julia) wat te sien was op die televisie program "Die ander kant". Theunissen is sku om haar regtig oor haar geloof oop te maak. In haar biografie wat op haar webwerf beskikbaar is, is daar absoluut niks van God of Jesus Christus te vermeld nie, slegs 'n baie selfgesentreerdheid aangaande haar eie talente en wat sy bereik het en hoe sy mense kan help. (Theunissen, 2012:1-3)

Na verskeie biografieë van ander bekende mediums van die internet afgelaai is kon nêrens agtergekom word dat enige van die mediums enigsins enige eer aan Jesus Christus gee nie. Baie van hulle praat van die gawe wat hulle het, of gekry het en van hulle praat van God. Daar is egter geen aanduiding dat hulle volgelinge van Jesus Christus as God is en dus as Christene beskou kan word nie. Neem as voorbeeld waar enigiets is maar reg en aanvaarbaar is, soos in die medium Sylvia Browne se biografie (2012:1) waar soos volg aangehaal word:

"Sylvia has helped thousands of people gain control of their lives, live more happily, understand the meaning of life, and to find God in their own unique way. Sylvia accepts reincarnation as a central theme in her philosophy, yet this belief is never forced upon anyone who does not want to hear it. Sylvia always says, "Take with you what you want and leave the rest behind." She is also strongly pro God, but again does not force the issue. Sylvia likes to tell people, "It does not matter if you believe in God, because God believes in you." To further her goals, Sylvia formed another organization in 1986, the Society of Novus Spiritus (meaning New Spirit) based upon a Christian Gnostic theology. She has trained ministers to actively help spread her philosophy. Her goals are to give aid to the infirm, shelter to the homeless, and establish a spiritual community that loves God (both the Father and Mother God) without the sin and guilt found in most of today's faiths. (My underlining)

Gemeenskaplike faktore wat by meeste, indien nie almal, teenwoordig is, is dat hulle massas betrek, publieke gehore toespreek, boeke skryf wat topverkopers is, altyd betrokke is by liefdadigheid en tog nie die diens verniet doen nie, maar tog groot konsultasiefooie hef. Dieselfde tendens kry mens by al die ander wat ondersoek is, soos John Edwards, James van Praagh, Patsy Johnson, Lee van Zyl ens.

b. Kommentaar van voorstanders van die praktyk

Voorstanders van die praktyk is òf sekere mense wat werklik glo dat dit hul geliefdes is wat met hulle praat en beweer dat die kommunikasie met die dooies al met hulle gebeur het en dat hulle die kennis en gawe besit om vir jou te kan sê

hoe dit werk, òf mense wat dit onderskryf en gebruik om ook 'n goeie lewe daaruit te maak. Ons verwys na persone soos Bob Olson (2012:1) wat 'n paar webwerwe het waarin hy sy stempel op sit van wie kredietwaardige mediums is, al dan nie. Sy TV program "AfterliveTV" ens. Verder is daar mense soos Bill Guggenheim (1997) en sy gewese vrou, Judy Guggenheim, wat na bewering meer as 2000 onderhoude gevoer het met mense wat met hulle afgestorwenes kontak gemaak het en die 12 mees algemene maniere waarop dit (ADC = After death communication) plaasvind, in sy boek "Hello From Heaven", beskryf het. Die boek het ook 'n blitsverkoper geword. So kruip hierdie praktyk ook in evangeliese sirkels binne met boeke soos "Have Heart - Bridging the gulf between heaven and earth", deur Steve en Sarah Berger en "The Shack" van Wm. Paul Young en "Die Hemel is werklik" deur Todd Burpro en vele ander.

Daar is massas mense wat hieraan glo en die mediums besoek enorme bedrae geld betaal om te hoor wat hul geliefdes se boodskap is. Hulle bevestig ook in baie gevalle dat die mediums oor sekere inligting beskik wat hulle verseker nie vir hulle gegee het nie, of nie met uitlokkende vra soos "cold reading" kon bekom het nie. Daar is te veel om te noem, maar om een voorbeeld (Beck, 2009) aan te haal

Angela on Mon, 8th Mar 2010 9:28 am

There are a lot of fakes out there. I think almost 90% and maybe more of the people out there are fakes. But Marietta Theunissen are not a fake. It's the people that can't open their minds to what's out there that's saying there is no such thing. It's people that has no idea who or what she is, that's quick to judge. For those jumping so quickly on the band waggen, saying she's gonna burn, it's clear you haven't watched a show of her's yet, cause if you had, you would've seen in just one show that she's a christen. She's much more a christen than all you out there judging without even knowing her!

c. Standpunte van teenstanders van die praktyk

Meeste teenstanders van die praktyk skiet nekromansie af omdat die Bybel dit eerstens verbied (Smit, 2009:1) in Deuteronomium 18, of dat dit 'n klugspel is wat gebruik word om finansiële voordeel uit te put. Hier is natuurlik ook 'n komponent van onkunde in en wanneer 'n mens nie regtig kennis het van 'n onderwerp nie, kan dit maklik afgemaak word deur te beweer dat dit nie bestaan nie, of dat dit net oëverblindery is. Hiervoor moet ons egter oppas, want die vraag is, hoekom sal die Bybel ons waarsku teen iets wat nie bestaan nie? Die praktyk van nekromansie bestaan wel, selfs van voor Saul se tyd af, maar mense wat hieraan deelneem speel met vuur en loop die risiko om permanent deur God verlaat te word soos wat Hy met Saul gedoen het (1 Kron. 10:13)

Dalk die mees algemene gereformeerde standpunt rondom 1 Samuel 28 spesifiek, blyk dat die opkoms van Samuel hier 'n buitengewone ingryping van God was. Hierdie siening kom voor in die Bybel met Verklarende Aantekeninge waarvan die redakteurs bekende en gerespekteerde gereformeerde teoloë is, en sê onder andere “Hierdie verskyning van Samuel het dus niks met die sogenaamde oproeping van geeste in spiritistiese sin te doen nie, God self gryp hier in.” (Geldenhuys, 1976:619). In die Bybel in Praktyk word die vraag gevra “Het God dalk sy eie bepalings opgehef ten einde die rampspoed van vooruitkennis te illustreer” (Vosloo, 1993:416). In die Bybel Verklaar staan daar “Wat hier gebeur, is dat die Here self ingryp. Soos Elia en Moses op die berg van verheerliking (net noord van waar die Filistyne se kamp was) verskyn het om voor sy dood met Jesus te praat (Lk. 9:30–31), so laat die Here hier vir Samuel verskyn om die finale oordeel oor Saul aan te kondig.” (Van Zyl, 1993:1 Samuel 28:12).

Een van die argumente is dat die Bybel geïnspireer is en omdat dat daar nêrens eksplisiet aangedui word dat “Samuel” 'n bose gees is nie, daarom moet ook hierdie gedeelte letterlik beoordeel word. Hierdie argument dra staan egter nie heeltemal vas nie, want daar is ook ander dele in die Skrif wat net korrek geïnterpreteer kan word wanneer dit vanuit die hele skrif beoordeel kan word.

3. Dogmatiese prinsipes

a. God se karaktereienskappe

In Exodus 34 noem God van sy karaktereienskappe vir Moses en sê onder andere dat Hy 'n barmhartige en genadige God is, dat Hy lankmoedig is, dat Hy groot van goedertierenheid en trou en vergewensgesind is, maar ook dat Hy altyd sonde sal straf. Ons weet dat God 'n jaloerse God is op dit wat Hy vir homself toegeëien het, en dat Hy dit nie uit sy hande sal laat gaan nie. Verder leer die Bybel dat toorn teen sonde, ook een van God se karaktereienskappe is (Dt. 6:15). Wat ons egter moet verstaan en raaksien is dat God se attribute altyd in volle harmonie met sy ander attribute funksioneer (Van der Walt, 2004:29). Hy is met ander woorde nie 'n wispelturige, redelose en impulsiewe God wat elke dag anders is, en wat sommer lukraak op 'n dag besluit om sonder rede 'n stad uit te wis, of iets dergeliks nie. Nee, daarom kan God leer ken word aan sy attribute in sy Woord en daarom kan elke gelowige groot berusting hê in God se soewereine regering. Die feit dat God onveranderlik is beteken nie die mens weet of kan voorspel presies wat God more gaan doen of dat mens altyd verstaan hoekom

sekere dinge gebeur nie, maar die gelowige kan verseker berus in die wete dat alles binne God se raadsplan sal geskied en dat vir die gelowige alles ten goede sal meewerk.

God se karaktereienskappe sal mekaar met ander woorde nooit opponeer nie. Sy heilige toorn teen sonde is dus nie opponerend of in teenstelling met sy liefde en genade nie. Juis omdat Hy 'n God van liefde en genade is, het Hy 'n heilige toorn teen sonde en sal en moet dit straf. God se toorn sal egter nie ligtelik, en liefdeloos uitgestort word nie. Sy toorn sal slegs plaasvind in harmonie met sy geregtigheid en regverdigheid. Gelowiges kan dus verseker weet dat Hy sonde regverdig sal straf en nie voordat Hy herhaaldelik of eksplisiet daarteen gewaarsku het nie. Daarom sal sy toorn en oordele in harmonie wees met sy lankmoedigheid en sy genade.

§ Unless we accept the doctrine that God is Himself not free, a doctrine which is nowhere implied in the Scripture, we must insist that the condemnation of men as sinful, when they have not had freedom to be otherwise than sinful, is out of harmony with the Biblical revelation of the character of God. (McConnel, 1999:Sin(1))

b. Die Hemel (Bo) en die Hel (onder)

Een van die wêreldbeelde van die Nuwe Testament is die sogenaamde drie-verdieping wêreldbeeld wat primêr ruimtelik van aard is met die hemel daarbo waar God en die engele woon en die aarde in die middel waar die mense en die diere woon en dan die hel of doderyk daaronder waar die duiwel en die demone woon. Sonder om in diskussies betrokke te raak oor verskillende wêreldbeelde en of die Nuwe Testamentiese wêreldbeeld eerder tyds-bepaald of ruimtelik-bepaald is, en sonder om dit te oorbeklemtoon of te oorvereenvoudig kan met Coetzee (Coetzee, 1995:26-28) saamgestem word dat daar tog wel so 'n ruimtelike wêreldbeeld bestaan. Hierdie wêreldbeeld bestaan aangesien daar verskeie aanhalings in die Bybel is wat dit aan ons uitbeeld dat die hemel bo is en die hel onder is. By die interpretasie van 1 Samuel 28 hieronder sal hierdie siening meer betekenis kry.

c. Die tussentoestand

Die tussentoestand is die toestand waarin die siel van die mens verkeer vandat 'n mens te sterwe kom tot en met die opstanding by die wederkoms van Jesus Christus.

König (2011:2) sê alle sienings rondom die tussentoestand moet binne bepaalde grense bly en die grense is:

- i) Eerstens is die tussentoestand skynbaar nie 'n onbewuste toestand nie.
- ii) Tweedens gaan dit skynbaar om mense in hulle volle menswees, en nie om dele van mense nie.
- iii) Derdens is daar nie in die mens 'n deel wat sterker is as die dood en eenvoudig ongeskonde deur die dood heengaan, terwyl net die ander deel doodgaan nie. Net God is onsterflik.
- iv) Vierdens het gelowiges alreeds deur die doop en die geloof 'n aandeel aan 'n lewe wat klaar deur die dood heen is en alreeds opgestaan het en verheerlik is - Jesus se opstandingslewe.

Die Bybel gee vir ons baie min inligting oor die tussentoestand en nêrens word dit eksplisiet uitgespel hoe dit sal wees nie. Die woord “sheol” en “hades” dui ook nêrens 'n definitiewe plek aan nie, maar eerder die staat waarin die mens sal verkeer na sy fisiese dood (Berkhof, 1996:685) Die algemene gereformeerde siening is egter dat die mens na afsterwe dadelik in die hemel of in die hel sal wees. Óf dit nou 'n fisiese plek of 'n bewustelike toestand is. (Berkhof, 1996:679)

Heyns (1999:399) huldig die volgende standpunt “Met betrekking tot die staat van die ontslapenes is één ding baie duidelik: hulle het nie opgehou om te bestaan nie. Oor die inhoud of aard van hierdie tussentoestand laat die Skrif hom nie uit nie, behalwe dat dit duidelik is dat die lot van die gelowiges en ongelowiges nie dieselfde is nie. Soos die subjektiewe belewing van die hemelse heerlijkheid van persoon tot persoon sal verskil, so ook die ervaring van die helse smarte. Heyns se siening is dus dat die gestorwe mens in die tussentoestand, 'n bewuste toestand is en dat gelowiges en ongelowiges alreeds op verskillende plekke is (Spr. 15:24). Verder het die gelowiges reeds, in die tussentoestand, deel aan die gemeenskap van Christus (Rom. 8:38-39) en die ongelowiges ervaar reeds die pyniging van al die aspekte van die Hel (Lk. 16:23) – waar daar onder andere ook geen rus sal wees nie (Op. 14:11).

Samevatting - Die tussentoestand is 'n studie op sy eie, en kan nie volledig in die bestek van hierdie artikel behandel word nie, maar die navorser stem saam met bogenoemde siening van die tussentoestand en beklemtoon ook in die verband die moontlikheid dat daar vir die ongelowiges in hierdie toestand geen rus is nie

en dat hulle dus, in teenstelling met die gelowiges wat in totale rus verkeer, enige tyd deur die satan en sy trawante en selfs die mediums wat nog in die fisieke lewe is opgeroep en verontrus kan word.

d. Nekromansie

Die vraag hier is of dit enigsins bestaan of nie, en of die sogenaamde mediums dalk net deur buikspraak en oëverblindery te werk gaan. Möller (1991:Hfs 42

1.3.1) verduidelik as volg:

“Spiritiste (hulle verwys na hulself as spiritualiste) gee voor dat hulle met afgestorwenes in verbinding kan tree en boodskappe kan uitruil. Die tussengangers word mediums genoem. So 'n medium dien as skakel tussen iemand wat oor 'n spesifieke gestorwene navraag doen en die gestorwene self. Ons onderskei die demoniese by Spiritisme na aanleiding van verskillende dinge. Allereers wys ons daarop dat so 'n medium in 'n transtoestand beland, en waar 'n ander persoon met 'n ander stem deur hom praat. (Hierdie stem sou dan die stem van die afgestorwene wees.) Ons tref dit ook by demoniaks aan. Verder bestaan daar talle getuienisse waar persone wat spiritistiese séances besoek, angstoestande ontwikkel. Waar Christene in hierdie dinge betrokke geraak het, het hul geloof in God, die Bybel en die kerk begin verdwyn.

Vervolgens moet ons veral daarop let dat dodebesweerders (Spiritistiese mediums) sowel as diegene wat hulle hulp opsoek, ten sterkste deur God veroordeel word. Lev. 19:31; 20:6; Dt. 18:10–12. Dus is dit is 'n duidelike aanduiding dat dit iets boos moet wees”.

Die woord 'ōb dui aan die gees van 'n afgestorwene wat deur die dodebesweerder opgeroep word. So word gemeen dat die vrou van Endor * in besit van so 'n gees was, in verbinding daarmee gestaan het, vgl. 1 Samuel 28:7 e.v. In ondergeskikte betekenis staan 'ōb vir die kuns van beswering, of vir die beoefenaars daarvan (dodebesweerders: 1 Sm. 28:3; 2 Kon. 21:6). Die afleiding v.d. woord is onseker. (Bybelse ensiklopedie, 1977:Gees van 'n afgestorwene) Afleidings wissel van “terugkeer”, “terugkerende gees”, “leersak” (op grond van die geluide wat die medium maak) tot by die Assiriese *aboebae* = bese gees.

Die navorser van mening dat indien die Woord van God die mens uitdruklik hierteen waarsku en verbied om aan hierdie praktyk deel te neem, en die hele verhaal in 1 Samuel 28 hieroor gaan, dit tog sekerlik dan moet bestaan. Die Bybel sal ons mos nie teen iets waarsku wat nie eers bestaan nie. Verder is daar beoefenaars wat tot die presiese metodes hoe om nekromansie te beoefen uitspel (Schnack, 2012:1)

e. Interpretasie van 1 Samuel 28

By die lees van 1 Samuel 28 en na oorweging van bogenoemde inligting kom die navorser nou tot die volgende 6 oorwegings by die interpretasie daarvan.

- i) **Satan meester verleier** – Kon dit wees dat Satan hom voorgedoen het as Samuel, en Saul wat hom nooit regtig self gesien het nie, en maar net deur die medium gehoor het wat sy sien (1 Sm. 28:14), wel geglo het dat dit Samuel is?

Vanuit die Skrif is die satan die Meester Verleier is, die een wat homself verander in 'n engel van die lig en so ook sy dienaars wat hulle voordoen as dienaars van geregtigheid (2 Kor. 11:13-15). Ons weet dat daar geen waarheid in hom is nie, dat hy die vader van die leun is (Jh. 8:44), en dat hy rondloop soos 'n brullende leeu (1 Pt. 5:8), en soek wie hy kan verslind en dat dit hy is wat die hele wêreld verlei. (Op. 12:9).

God sal die mens wat nie wil luister nie, oorgee dat hy verlore kan gaan in sy eie sonde (Rom 1:24; Ef. 4:18) en hom toelaat om die leun te glo.

1Ti 4:1 Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van bese geeste aanhang.

2Th 2:9-11 Deur die werking van die Satan sal die verskyning van die wettelose gepaard gaan met groot magsvertoon en allerhande vals tekens en wonders en met gruwelike misleiding van dié wat verlore gaan, omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie. Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo. En so sal almal wat nie die waarheid geglo het nie, maar die ongeregtigheid verkies het, veroordeel word. (ANV)

Misleiding is presies wat hier met Saul gebeur het. Een van Satan se bese geeste het homself voordoen as die ware Samuel deur 'n metode van kommunikasie wat God absoluut verbied het (Dt. 18:10-12) en God het vir Saul oorgee om die leuen te glo.

- ii) **God se karaktereienskappe** – Met bogenoemde bespreking in gedagte is dit ondenkbaar dat God in Deuteronomium 18:10-12 sê, dat dit vir Hom 'n gruwel is as mense met besweringe omgaan of 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg, en dan later dieselfde medium gebruik om met Saul te praat. Indien God dit sou doen om op 'n bo-natuurlike

wyse in te gryp en wel die ware Samuel deur 'n aardse medium te voorskyn laat kom, sou dit neerkom op 'n direkte teenstelling en opponering van sy karaktereienskappe. Nee, die raadpleeg van dooies is en bly, vir Hom 'n gruwel. In 1 Samuel 15:29 sien ons dat God nie van gedagte verander nie (ANV) of dat Hy enige berou sou hê oor sy besluite nie (AOV). God het klaar besluit om nie meer met Saul te praat nie, nie deur drome of die Urim of profete nie (1 Sm. 28:6). God sou dus beslis nie Homself verneder om weer met Saul te praat en dit nog deur 'n medium van kommunikasie wat vir Hom 'n gruwel is, en wat Hyself verbied het nie. Indien dit waar sou wees sou dit beslis 'n skending van sy karaktereienskappe wees, wat ondenkbaar is.

- iii) **Saul se gees** – Nog 'n aspek waarna ons kan kyk is die gees wat in Saul geheers het. Die gees van God (die Heilige Gees) het hom verlaat en 'n bose gees het in hom gekom (1 Sm. 16:14-16, 23; 18:10; 19:9). Hy was dus nou nie meer gevul met die Heilige Gees nie, maar met 'n bose gees. Toe die Here nie meer met hom wil praat nie, vra Saul vir sy dienaars om vir hom iemand te soek met 'n “familiar spirit” (1 Sm. 28:7). Alhoewel Afrikaanse vertalings (1953 en 1983) en sekere Engelse vertalings die woord “dodebesweerster” of “medium” gebruik kan dit ook vertaal word met iemand wat 'n soortgelyke gees het soos in die American Standard Version of ook die King James wat sê “Seek me a woman that hath a familiar spirit,” Saul wat nou deur die Here verlaat is, en deur 'n bose gees beset word en hom ophou met waarsêende geeste is verseker op pad hel toe.

Lev 20:27 A man also or a woman that hath a familiar spirit, or that is a wizard, shall surely be put to death: they shall stone them with stones; their blood shall be upon them (ASV)

- iv) **Waar het “Samuel” vandaan gekom? - Die beskrywing van die Hemel en die Hel.**

In 1 Sm. 28:11 vra die medium vir Samuel wie sy moet laat opkom. Met ander woorde net iemand wat onder is, kan opkom. In vers 13 sê sy “Ek sien 'n wese uit 'n ander wêreld opkom uit die aarde” (ANV). Hierdie “Samuel” kom met ander woorde nie van bo, van die hemel af nie, maar van onder af. Wat is onder? Die hel of die doderyk? Miskien klink dit simplisties, maar tog is dit hoe die Bybel dit openbaar, naamlik dat die hemel bo is en die hel onder is. Dus insiggewend as mens al die ander faktore in berekening bring in ons argument dat hierdie “Samuel” van onder af, en met ander woorde vanuit die

hel opgekom, en aan die medium kom verskyn het. Hierdie “Samuel” het erken hy kom van onder af en dat sy rus verstoort word. Hy kom dus van ’n plek af waar daar geen rus is nie en sy rus enige tyd verstoort kan word. Vergelyk vers 15 “Waarom verontrus jy my deur my te laat opkom?” (AOV)

v) “Samuel” se woorde aan Saul

Die tipiese woorde wat ons kon verwag van die regte Samuel sou woorde van waarskuwing en pleit wees. Die ware Samuel wat die Here geken en gevrees en met sy hart gedien het sou alles in sy vermoë gedoen het om Saul weereens te waarsku om gehoorsaam te wees en hom te bekeer en na die Here toe terug te kom en nie van hierdie verbode metode wat God verbied het, gebruik te maak nie. As ware Godsmen en Christen sou hy weereens probeer het om Saul in die hemel te kry. Kyk maar hoe eg berou het Samuel oor Saul gehad, omdat hy geweet het die Here het hom verwerp (1 Sm. 15:35; 16:1)

Hierdie “Samuel” het hom egter geterg en hom nie probeer terugbring na God toe nie. Hy het hom hooghartig geterg en mismoedig gemaak deur te sê “die Here het van jou gewyk en jou vyand geword”. (1 Sm. 28:16) “en die HERE het die koningskap uit jou hand geskeur en dit aan jou naaste, aan Dawid, gegee. “ Hy het verder vir hom gesê hy sal die oorlog teen die Filistyne verloor “en môre sal jy met jou seuns by my wees”. Hierdie is hoogmoedige uittartende woorde en nie woorde van ’n ware opregte Godsmen wat bekommerd is oor die siel van ’n medemens nie.

Die woorde “more sal jy by my wees” – Waar is dit? Hemel of Hel? Bo of onder? Volgens 1 Kronieke 10:13-14 kan ons aflei dat Saul nooit hemel toe is nie maar hel toe, want as die Here hom doodmaak as gevolg van ontrou teen Hom, en spesifiek nog oor hierdie saak, dat hy “ ’n gees van ’n afgestorwene om inligting gevra het”, is hy tog sekerlik nie in die hemel nie. Hierdie vals en bedrieglike bose gees “Samuel” het hom so mismoedig gemaak dat hy op die einde selfmoord gepleeg het. (1 Sm. 31:4). Satan, het ook Judas Iskariot verlei en hom daarna gelei tot selfmoord (Jh. 13:27; Mt. 27:3-5; Hand. 1:18)

Die vraag is dus nou was dit Samuel of “Samuel” wat met Saul gepraat het? As met alle waarskynlikheid gesê kan word dat Saul hel toe is, dan moet dit

“Samuel” die bese gees wees wat van onder af “uit die aarde opkom”, wat met Saul gepraat het.

vi) God se Rus – Hebreërs 3 en 4:1-11.

Die Skrif leer in Hebreërs 3:11 en 4:3, 5 dat God in sy toorn gesweer het om die ongehoorsames, nie in sy rus te laat ingaan nie. Hulle is die ongelowiges wat nie sal hemel toe gaan nie, maar hel toe waar daar geen rus is nie (Op. 14:11). Verder sien ons dat diegene wat wel aan Hom gehoorsaam was, sy kinders is, en in sy rus sal ingaan. Hierdie is 'n volkome rus waarvan jy kan rus volgens jou werke en waar niemand jou sal kan steur nie (Heb. 4:10). Hierdie volkome rus is wat Samuel ook ingegaan het, net soos Abraham en Moses en Aäron en Dawid (Ps. 99:6; Jer. 15:1).

Samuel was 'n absolute kind van God. Hy was van kleins af in guns by God en die Here het direk met gepraat (1 Sm. 3:11), hom as profeet gebruik (1 Sm 3:20; 2 Kron. 35:18; Hand. 13:20) en hy was ook 'n siener (1 Kron. 9:22; 26:28; 29:29). Daar kan dus met groot vrymoedigheid aanvaar word dat so 'n groot Godsmen wat soveel agting by die volk gehad (1 Sm. 3:20) het by sy afsterwe (1 Sm. 28:3) dadelik in God se volkome rus ingegaan het.

Die vraag is nou: – Sou enige medium of dodebesweerder tydig en ontydig vir Samuel kon oproep waar hy in God se volkome rus ingegaan het? Sou so 'n man wat 'n profeet en siener en 'n vertroueling van die Here is (Jer. 15:1) gehoor gee aan 'n medium wat in elk geval buite God se ordes optree? Die antwoord is nee. Want as 'n gelowige in God se rus ingegaan het gaan niemand hom weer daar kan pla of tydig en ontydig kom roep om gou met iemand op die aarde te kom praat nie.

Sou die afgestorwe persone in die doderyk oftewel die hel, gepla kon word? Die antwoord is hier heel waarskynlik ja. Aangesien Openbaring 14:11 sê “hulle het dag en nag geen rus nie”. Aansluitend is ook ander verwysings soos Jesaja 57:20 en Markus 9:43-49. So dit wil dus voorkom of die siele wat nie in God se ewige rus ingegaan het nie, nooit rus sal hê nie en dus altyddeur en enige tyd gepla of verontrus kan word.

4. Samevatting, beoordeling, gevolgtrekking en aanbevelings

Na aanleiding van bogenoemde navorsing en in antwoord op die navorsingsvrae word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- Die bewerings wat die mediums aanvoer as sou hulle met geliefde afgestorwenes, wat ware Christen gelowiges was, kan kontak maak, is ongegrond. 'n Ware Christen gelowige, soos Samuel, wat in God se rus ingegaan het sal nooit deur 'n medium tydig en ontydig opgeroep en in sy rus gestoor kan word nie. Mediums sal dus slegs met ongelowige afgestorwenes kon kontak maak. Gestorwenes wat nie hemel toe is nie, maar hel toe waar daar geen rus is nie. Nêrens in die navorsing kon enige medium ook opgespoor word wat waarlik enige eer aan Here Jesus Christus gee en 'n navolger van hom is en dus 'n Christen is nie. Hulle sal wel soos alle gelowe praat van God, maar definieer nie wie hulle god is nie, en uit hul dade kan baie duidelik afgelei word dat dit nie die Waaragtige lewende Drie-enige God van die Bybel is nie.
- Die bewerings van die teenstanders van nekromansie wat aanvoer dat die praktyk nie bestaan nie, is ook simplisties en die navorser is wel van oortuiging dat nekromansie bestaan en dat dit wel steeds beoefen word. Nekromansie moet dus nie ligtelik opgeneem word nie en mense wat hieraan deelneem moet in 'n baie ernstige lig gewaarsku word dat dieselfde God wat dit in die Ou Testament verbied het, (Dt. 18:10-12) dit steeds haat. Galasiërs 6:7 sê “God laat nie met Hom spot nie”. In die Ou Testamentiese tyd sou hierdie mediums wat nou vir hulle eie rekening en met bravade op televisie verskyn, boeke skryf en openlik mense mislei, gestenig geword het (Lev. 20:27). Die feit dat ons nou in die laaste dae en in genadetyd leef beteken nie dat God dit sal oorsien nie (Hand. 17:30-31)
- Volgens die getuienis van die Skrif, wat in sy geheel gesien moet word, ons interpretasie daarvan, en met spesifieke ontleding en interpretering van 1 Samuel 28 het ons die volgende bevind.

Die Skrif ontken nie die bestaan van nekromansie nie, maar veroordeel dit ten sterkste. God se karaktereenskappe is altyd in harmonie met mekaar en indien Hy 'n buitengewone ingryping gedoen het om Samuel te laat opkom, soos sekere van die standpunte beweer, sou dit 'n absolute skending van die van harmonie van sy karaktereenskappe beteken. Wanneer Satan egter as die

meester verleier gesien word, en die “Samuel” van 1 Samuel 28 gesien word as ’n bose gees wat hom voordoen as Samuel, dan val alles weer perfek in plek.

Die Skrif dui daarop dat Saul nie meer die Heilige Gees in hom gehad nie maar ’n bose gees en daarom het hy met soortgelyke geeste geheul, en daarom is hy ook tot die hel verdoem.

Die Skrif dui daarop dat afgestorwenes steeds in ’n bewuste toestand is, en daar is bevind dat Christene wat sterf dadelik in God se volkome rus ingaan en nie weer verontrus kan word nie, terwyl ongelowiges heel waarskynlik enige tyd opgeroep en verontrus kan word. Daarom is dit net nie moontlik dat ’n medium die ware Samuel sou kon oproep nie. Die navorser stem dus ook saam met die puritein Mathew Henry (1996:Chapter 28 verses 15-19) wat in sy kommentaar sê:

We have here the conference between Saul and Satan. Saul came in disguise (v. 8), but Satan soon discovered him, v. 12. Satan comes in disguise, in the disguise of Samuel’s mantle, and Saul cannot discover him. Such is the disadvantage we labour under, in wrestling with *the rulers of the darkness of this world*, that they know us, while we are ignorant of their wiles and devices.

- Die oproep van afgestorwe geeste moet dus in die lig van die Skrif as ’n baie ernstige en lewensbelangrike oortreding beoordeel word. Soos reeds genoem moet dit nie ligtelik opneem word nie, en mense wat hieraan deelneem of beoefen moet baie ernstige gewaarsku word dat hulle hul lewe vir ewig kan verloor. God sal met hulle handel soos Hy met Saul gehandel het. Hy sal hulle verlaat en bose geeste op hulle pad stuur en hulle sal in die verdoemenis van die hel beland.

5. Bronverwysings en Bibliografie

- BECK, T. 2009. Marietta Theunissen exploits the vulnerable - <http://www.reasoncheck.com/2009/10/23/marietta-theunissen-exploits-the-vulnerable/>. Datum van gebruik 8 September 2012
- BERKHOFF, L. 1996. Systematic Theology. Combined ed. Grand Rapids, Michigan / Cambridge, U.K.: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.
- BULTMAN, R. 1962. Eeuwigheid – hier en nu. Geschiedenis en eschatology. (Vertaling deur JM dr Jong van History and Eschatalogy. 1957) Utrecht Bijleveld.
- BROWNE, S. 2012. Sylvia Browne's Biography - <http://www.sylviabrowne.com/pg/jsp/general/bio.jsp?pos>. Datum van gebruik 8 September 2012

- BYBELSE ENSIKLOPEDIE. 1977 (electronic ed.). 2de hers. uitg. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitg.
- COETZEE, J.C. 1995. Sleutels tot die Godsopenbaring van die Nuwe testament. Potchefstroom: Noordwes Universiteit: Ongepubliseerde diktaatuitgawe
- DE BEER, B.M.J. & Van den Berg, J.A. 2007. Die ondersteuning van okkulte gerehabiliteerdes: 'n Pastoraal-teologiese model vir die toerusting van Fasiliteerders. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat: Ongepubliseerde groepwerkseminaar. Acta Theologica
- DU RANDT, S. 2012. Crossing over with Sue - A Mystic Medium – Homepage <http://www.crossingover.co.za/index.htm>. Datum van gebruik 8 September 2012
- EDWARDS, J. 2001-2010. John Edward: Communicate, Appreciate, validate. <http://www.johnedward.net/>. Datum van gebruik 22 Mei 2011
- FLOOR, L. 1980. Die hermeneutiek van Calvyn. In die Skriflig 14(55):13-20.
- GELDENHUYS, J.N., GEMSER, B., GEYSER, A.S., GROENEWALD, E.P., KROEZE, J.H., MÜLLER, J.J., VAN SELMS, A., SNYMAN, W.J., DU TOIT, S., VERHOEF, P.A., WEISS, P.F.D., reds. 1976. Die Bybel met Verklarende Aantekeninge. 2de Uitg. Kaapstad, Suid Afrika: Protestantse Uitgewers.
- GUGGENHEIM, B. & J. 1997. Hello from heaven. Random House Publishing Group
- HENRY, M. 1996. Matthew Henry's commentary on the whole Bible : Complete and unabridged in one volume (1 Sa 28:1–25). Peabody: Hendrickson.
- HEYNS, J.A. 1999. Dogmatiek (399–400). Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- KÖNIG, A. 2011. Tussentoestand en tussentyd. <http://www.bybelkennis.co.za/Die-Groot-Geloofswoordeboek/Die-Groot-Geloofswoordeboek-Tussentoestand-en-Tussentyd.html>. Datum van gebruik 16 Maart 2011.
- kykNET. 2008. Aan die Anderkant. <http://beta.mnet.co.za/fanclub/?clubId=1144>. Datum van gebruik 22 Mei 2011
- LAMBRECHTS, J. 2010. Uitbuiting van Gelowiges. Die Volksblad: My Volksblad Briewe: 20 Feb 2010. <http://www.volksblad.com/MyVolksblad/Briewe/Uitbuiting-van-gelowiges>. Datum van gebruik 17 Maart 2011
- MASHAU, T.D. 2007. Occultism in an African context: a case for the Vhavenda-speaking people of the Limpopo Province, School for Ecclesiastical Sciences Potchefstroom Campus North-West University POTCHEFSTROOM, In die Skriflig 41(4) 2007:637-653
- MCCONNELL, F.J. 1999. Sin (1) – The Freedom of Man. (*In Logos Elektroniese boeke. The International standard Bible encyclopedia : 1915 edition (J. Orr, Ed.). Albany, OR: Ages Software.*) [CD-Rom.]
- MÖLLER, F. P. 1991. Woorde van lig en lewe: 'n dogmatiese studie (electronic ed.). Westhoven: Evangelie Uitgewers. CD-Rom.
- OLSON, B. 2012. AfterliveTV . <http://www.afterlifetv.com/> Datum van gebruik 8 September 2012
- SCHNACK, A. 2012. Satansheaven. <http://www.satansheaven.com/necromancy.htm>. Datum van gebruik 20 September 2012
- SMIT J 2009. God verbied sy kinders om na enige siener, waarsêer, fortuinverteller, spiritis of medium te gaan. <http://www.voelgoed.co.za/index.php/cms/contentview/action/view/frmCategoryId/98/frmContentId/1526/PrinterFriendly/1/>. Datum van gebruik 13 Julie 2012
- STANDER, H. 2009. Wat die Bybel sê oor om met dooies te praat? <http://www.voelgoed.co.za/index.php/cms/contentview/action/view/frmCategoryId/98/frmContentId/1328/> . Datum van gebruik 23 Mei 2011
- THEUNISSEN, M. 2012. Introducing Marietta <http://www.otherworldstomorrow.com/upload/INTRODUCINGMARIETTANEW.pdf>. Datum van gebruik 8 September 2012
- VAN DER WALT, N. 2004. God se wil en my lewe. Vereeniging. Christelike Uitgewersmaatskappy

VAN ZYL, A. H. 1993. Saul raadpleeg 'n dodebesweerder. (*In Logos Elektroniese boeke. Die Bybel verklaar: 1983-vertaling (1 Sa 28:12)*). Kaapstad: Lux Verbi.
VOSLOO, W. en J van Rensburg, F. 1993. Die Bybel in Praktyk. Vereeniging. Christelike Uitgewersmaatskappy

Sleutelwoorde:

Necromancy /Nekromansie - Spirits of the dead / Afgestorwe Geeste – Medium - 1
Samuel 28 - Heks van Endor / Medium of Endor / Witch of Endor